

SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE

NO. 2523

23 September 2022

INCOME TAX ACT, 1962**AFRICAN TAX ADMINISTRATION FORUM AGREEMENT ON MUTUAL ASSISTANCE IN TAX MATTERS**

In terms of section 108(2) of the Tax Act, 1962 (Act No 58 of 1962) read in conjunction with section 231(4) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No 108 of 1996), it is hereby notified that the African Tax Administration Forum Agreement on Mutual Assistance in Tax Matters as set out in the Schedule to this Notice has been approved by Parliament in terms of section 231(2) of the Constitution.

It is further notified that in terms of paragraph 2 of Article 15 of the Agreement that the date of entry into force for the Republic of South Africa is 23 September 2017.

AFRICAN TAX ADMINISTRATION FORUM AGREEMENT ON MUTUAL ASSISTANCE IN TAX MATTERS**PREAMBLE**

The Member States of the African Tax Administration Forum, signatories of this Agreement (the Contracting Parties),

DESIRING to facilitate assistance in tax matters;

HEREBY AGREE as follows:

ARTICLE 1**DEFINITIONS**

1. In this Agreement, unless the context otherwise requires:
 - (a) "Competent Authority" means the authority designated by a Contracting Party, together with any authorised representative, and notified to the Executive Secretary in accordance with this Agreement;
 - (b) "Contracting Party" means a Member State that has ratified or acceded to this Agreement;
 - (c) "Executive Secretary" means the Executive Secretary of the African Tax Administration Forum;
 - (d) "information" means any fact, statement or record in any form whatsoever;
 - (e) "Member State" means a State which is a member of the African Tax Administration Forum;
 - (f) "person" includes an individual, a company and any other body of persons;
 - (g) "Requested Party" means the Contracting Party requested to provide information or render assistance;
 - (h) "Requesting Party" means the Contracting Party requesting the information or assistance;
 - (i) "tax" means any tax to which this Agreement applies.
2. As regards the application of the Agreement at any time by a Contracting Party, any term not defined herein shall, unless the context otherwise requires, have the meaning that it has at that time under the law of that Party for the purposes of the taxes to which the Agreement applies and any meaning under the applicable tax laws of that Party prevailing over a meaning given to the term under other laws of that Party.

ARTICLE 2

OBJECTIVE

1. The objective of this Agreement is to enable the Contracting Parties to assist one another in tax matters.
2. The assistance referred to in paragraph 1 above shall be with regard to:
 - (a) the exchange of information in tax matters;
 - (b) the carrying out of tax examinations abroad;
 - (c) the carrying out of simultaneous tax examinations; and
 - (d) assisting in the collection of taxes.

ARTICLE 3

TAXES COVERED

This Agreement shall apply to all taxes on income, on capital, and to taxes on goods and services imposed by or on behalf of the Contracting Parties.

ARTICLE 4

EXCHANGE OF INFORMATION

1. The Contracting Parties shall through their Competent Authorities, provide one another, spontaneously, automatically or upon request with such information as may be relevant for carrying out the provisions of this Agreement or for the administration or enforcement of the domestic laws of the Requesting Party concerning the taxes covered by this Agreement insofar as the taxation under those laws is not contrary to any other instrument entered into between the Requesting and Requested Party.
2. In no case shall the provisions of paragraph 1 be construed so as to impose on a Contracting Party the obligation:
 - (a) to carry out administrative measures at variance with the laws and administrative practice of that or of the other Contracting Party;
 - (b) to supply information which is not obtainable under the laws or in the normal course of the administration of that or of the other Contracting Party;
 - (c) to supply information which would disclose any trade, business, industrial, commercial or professional secret or trade process, or information, the disclosure of which would be contrary to public policy.
3. If information is requested by a Contracting Party in accordance with this Article, the Requested Party shall use its information gathering measures to obtain the requested information, even though the Requested Party may not need such information for its own tax purposes. The obligation contained in the preceding sentence is subject to the limitations of paragraph 2 but in no case shall such limitations be construed to permit the Requested Party to decline to supply information solely because it has no domestic interest in such information.

4. In no case shall the provisions of paragraph 2 be construed to permit the Requested Party to decline to supply information solely because the information is held by a bank, other financial institution, nominee or person acting in an agency or a fiduciary capacity or because it relates to ownership interests in a person.

ARTICLE 5

TAX EXAMINATIONS ABROAD

1. A Requested Party may allow representatives of the Requesting Party to enter the territory of the Requested Party to interview individuals and examine records with the written consent of the taxpayer concerned. The Competent Authority of the Requested Party shall notify the Competent Authority of the Requesting Party of the time and place of the meeting with the individuals concerned.

2. At the request of the Competent Authority of a Requesting Party, the Competent Authority of the Requested Party may allow representatives of the Competent Authority of the Requesting Party to participate in any appropriate part of a tax examination in the Requested Party.

3. If the request referred to in paragraph 2 is acceded to, the Competent Authority of the Requested Party shall, as soon as possible, notify the Competent Authority of the Requesting Party about the time and place of the examination, and the procedures and conditions, required by the Requested Party for the conduct of the examination. The Requested Party shall also notify the taxpayers concerned of the presence of officials of the Requesting Party at the examination. All decisions with respect to the conduct of the tax examination shall be made by the Requested Party conducting the examination.

ARTICLE 6

SIMULTANEOUS EXAMINATIONS

1. At the request of the Competent Authority of one of the Contracting Parties, two or more Competent Authorities of the Contracting Parties may consult together for the purposes of determining cases and procedures for simultaneous tax examinations. Each Competent Authority involved shall decide whether or not it wishes to participate in a particular simultaneous tax examination.

2. A simultaneous tax examination as referred to in paragraph 1, means an arrangement between two or more Contracting Parties to examine simultaneously, each in its own territory, the tax affairs of a person in which they have a common or related interest, with a view to exchanging any relevant information which they so obtain.

ARTICLE 7**ASSISTANCE IN COLLECTION**

1. The Requested Party shall, upon request, lend assistance to the Requesting Party in the collection of revenue claims.

2. The term “revenue claim” as used in this Article means an amount owed in respect of taxes that are covered by this Agreement, as well as interest, duty increases, surcharges, late-payment penalties and costs of collection or conservancy related to such amount in terms of its domestic laws, insofar as the taxation thereunder is not contrary to any other instrument entered into between the Requesting Party and the Requested Party.

3. When a revenue claim of a Contracting Party is enforceable under the laws of that Party and is owed by a person who, at that time, cannot, under the laws of that Party, prevent its collection, that revenue claim shall, at the request of the Competent Authority of that Party, be accepted for purposes of collection by the Competent Authority of the Requested Party. That revenue claim shall be collected by that Requested Party in accordance with the provisions of its laws applicable to the enforcement and collection of its own taxes as if the revenue claim were a revenue claim of that Requested Party.

4. When a revenue claim of a Contracting Party is a claim in respect of which that Party may, under its law, take measures of conservancy with a view to ensure its collection, that revenue claim shall, at the request of that Party, be accepted for purposes of taking measures of conservancy by the Competent Authority of the Requested Party. The Requested Party shall take measures of conservancy in respect of that revenue claim in accordance with the provisions of its laws as if the revenue claim were a revenue claim of the Requested Party even if, at the time when such measures are applied, the revenue claim is not enforceable in the first-mentioned Party or is owed by a person who has a right to prevent its collection.

5. Notwithstanding the provisions of paragraphs 3 and 4, a revenue claim accepted by a Requested Party for purposes of paragraph 3 or 4 shall not, in that Party, be subject to the time limits or accorded any priority applicable to a revenue claim under the laws of that Party by reason of its nature as such. In addition, a revenue claim accepted by a Requested Party for the purposes of paragraph 3 or 4, shall not in that Party, have any priority applicable to that revenue claim under the laws of the Requesting Party.

6. Proceedings with respect to the existence, validity or the amount of a revenue claim of a Requesting Party shall not be brought before the courts or administrative bodies of the Requested Party.

7. Where, at any time after a request has been made by a Requesting Party under paragraph 3 or 4 and before the Requested Party has collected and remitted the relevant revenue claim to the Requesting Party, the relevant revenue claim ceases to be

- (a) in the case of a request under paragraph 3, a revenue claim of the Requesting Party that is enforceable under the laws of that Party and is owed by a person who, at that time, cannot, under the laws of that Party, prevent its collection, or

- (b) in the case of a request under paragraph 4, a revenue claim of the Requesting Party in respect of which that Party may, under its laws, take measures of conservancy with a view to ensure its collection

the Competent Authority of the Requesting Party shall promptly notify the Competent Authority of the Requested Party of that fact and, at the option of the Requested Party, the Requesting Party shall either suspend or withdraw its request.

8. In no case shall the provisions of this Article be construed so as to impose on a Contracting Party the obligation:

- (a) to carry out administrative measures at variance with the administrative practice of that or of the Requesting Party;
- (b) to carry out measures which would be contrary to public policy;
- (c) to provide assistance if the Requesting Party has not pursued all reasonable measures of collection or conservancy, as the case may be, available under its laws or administrative practice;
- (d) to provide assistance in those cases where the administrative burden of that Party is clearly disproportionate to the benefit to be derived by the Requesting Party.

ARTICLE 8

CONFIDENTIALITY

Any information received pursuant to this Agreement by a Contracting Party shall be treated as secret or confidential in the same manner as information obtained under the domestic laws of that Party, and shall be disclosed only to persons or authorities (including courts and administrative bodies) concerned with the assessment or collection of, the enforcement or prosecution in respect of, the determination of appeals in relation to the taxes covered by the Agreement, or the oversight of the above. Such persons or authorities shall use the information only for such purposes. They may disclose the information in public court proceedings or in judicial decisions. Notwithstanding the foregoing, information received by a Requesting Party may be used for other purposes when such information may be used for such other purposes under the laws of both Parties, and the Competent Authority of the Requested Party authorises such use.

ARTICLE 9

COSTS

1. Subject to paragraph 2, the Contracting Parties shall waive all claims for reimbursement of ordinary costs incurred in the execution of this Agreement.

2. As soon as the Requested Party anticipates that expenses of a substantial or extraordinary nature may be incurred in the provision of assistance pursuant to this Agreement, it will, before incurring such costs, notify the Competent Authority of the Requesting Party and both Competent Authorities shall decide the manner in which the costs shall be borne.

ARTICLE 10**IMPLEMENTATION LEGISLATION**

The Contracting Parties shall enact any legislation necessary to comply with, and give effect to, the terms of this Agreement.

ARTICLE 11**OTHER INTERNATIONAL AGREEMENTS OR ARRANGEMENTS**

The possibilities of assistance provided by this Agreement do not limit, nor are they limited by, those contained in existing international agreements or other arrangements between the Contracting Parties which relate to co-operation in tax matters.

ARTICLE 12**MUTUAL AGREEMENT PROCEDURE**

1. Where difficulties or doubts arise between two or more Contracting Parties regarding the implementation or interpretation of this Agreement, the Competent Authorities of those Contracting Parties shall endeavour to resolve the matter by mutual agreement.
2. In addition to the agreements referred to in paragraph 1, the Competent Authorities of two or more Contracting Parties may mutually agree:
 - (a) on the procedures to be used under Articles 4, 5, 6 and 7;
 - (b) on the language to be used in making and responding to requests in accordance with the Agreement.
3. The Competent Authorities of the Contracting Parties may communicate with one another directly for purposes of reaching agreement under this Article.
4. Any agreement between the Competent Authorities of two or more Contracting Parties shall be effective only between those Contracting Parties.
5. Where two or more Contracting Parties are unable to reach agreement, as contemplated in this Article, the matter shall be resolved as stipulated in the dispute resolution provisions of the Rules and Procedures of the African Tax Administration Forum.
6. At the request of one or more of the Contracting Parties, the Executive Secretary may convene a meeting of the Competent Authorities or their representatives, to discuss significant matters related to interpretation or implementation of this Agreement.

ARTICLE 13**DEPOSITARY**

This Agreement and all instruments of ratification or accession shall be deposited with the Executive Secretary, who shall transmit certified copies thereof, to all the Member States.

ARTICLE 14**NOTIFICATION OF COMPETENT AUTHORITIES**

1. Each Contracting Party shall designate a Competent Authority that is responsible for the implementation of this Agreement in terms of its domestic law.
2. Each Contracting Party shall submit notification of their Competent Authority to the Executive Secretary together with their instruments of ratification.
3. The Executive Secretary shall, when it receives notification in accordance with the provisions of this Article, circulate copies of the notifications to all the Contracting Parties.

ARTICLE 15**RATIFICATION AND ENTRY INTO FORCE**

1. This Agreement shall be ratified by Member States in accordance with their constitutional procedures.
2. This Agreement shall enter into force thirty (30) calendar days after five of the Member States have submitted their instrument of ratification to the Executive Secretary.
3. The Agreement shall apply in respect of any information, taxes or revenue claims referred to in the Agreement even if such information, taxes or revenue claims pre-date the entry into force of this Agreement, or the date of accession by a relevant Contracting Party.

ARTICLE 16**AMENDMENT**

1. In the case of a proposal by a Contracting Party to the Executive Secretary to amend an existing Article of this Agreement, the proposal shall be adopted by mutual agreement of the Contracting Parties.
2. An amendment shall enter into force thirty (30) days after being ratified by all Contracting Parties, in accordance with their constitutional requirements.

ARTICLE 17**ACCESSION**

This Agreement shall remain open to accession by any Member State after its entry into force.

ARTICLE 18**SIGNATURE**

This Agreement shall be signed by the duly authorised representatives of the Member States.

ARTICLE 19**WITHDRAWAL**

1. Any Contracting Party may withdraw from this Agreement by serving a notice of its intention, in writing, to the Executive Secretary who shall inform other Member States accordingly.

2. Such withdrawal shall become effective on the first day of the month following the expiration of a period of ninety (90) days, after the date of receipt of the notification by the Executive Secretary.

3. Any Contracting Party that withdraws from this Agreement shall remain bound by the provisions of Article 8 with respect to any information obtained under the Agreement and is obliged to comply with any request made in terms of this Agreement prior to the notice of intention to withdraw.

IN WITNESS WHEREOF, the undersigned, being duly authorised by their respective Governments, have signed this Agreement.

Done at Pretoria, on this 17th day of January 2014 in three (3) original texts in the English, French and Portuguese languages, all texts being equally authentic.

**FOR THE GOVERNMENT OF THE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. 2523

23 September 2022

INKOMSTEBELASTINGWET, 1962**OOREENKOMS VAN DIE AFRIKA-BELASTINGADMINISTRASIEFORUM OOR WEDERSYDSE BYSTAND MET BELASTINGAANGELEENTHEDE**

Ingevolge artikel 108(2) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No 58 van 1962), saamgelees met artikel 231(4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No 108 van 1996), word hiermee kennis gegee dat die Ooreenkoms van die Afrika-belastingadministrasieforum oor Wedersydse Bystand met Belastingaangeleenthede, in die Bylae tot hierdie Kennisgewing vervat is deur die Parlement goedgekeur is en ingevolge artikel 231(2) van die Grondwet.

Daar word verder bekendgemaak dat ingevolge paragraaf 2 van Artikel 15 van die Ooreenkoms dat die datum van inwerkingtreding vir die Republiek van Suid-Afrika 23 September 2017 is.

OOREENKOMS VAN DIE AFRIKA-BELASTINGADMINISTRASIEFORUM OOR WEDERSYDSE BYSTAND MET BELASTINGAANGELEENTHEDE**AANHEF**

Die Lidstate van die Afrika-belastingadministrasieforum, die ondertekenaars van hierdie Ooreenkoms (die Kontrakterende Partye),

BEGERIG om bystand met belastingaangeleentheid te bevorder;

KOM HIERMEE SOOS VOLG OOREEN:

ARTIKEL 1**WOORDOMSKRYWING**

1. In hierdie Ooreenkoms, tensy die samehang anders vereis, beteken:
 - (a) "bevoegde owerheid" die owerheid deur 'n Kontrakterende Party aangewys, saam met 'n gemagtigde verteenwoordiger, en ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms aan die Uitvoerende Sekretaris bekend gemaak;
 - (b) "Kontrakterende Party" 'n Lidstaat wat hierdie Ooreenkoms bekragtig of daartoe toetree het;
 - (c) "Uitvoerende Sekretaris" die Uitvoerende Sekretaris van die Afrika-belastingadministrasieforum;
 - (d) "inligting" enige feit, verklaring of rekord in watter vorm ook al;
 - (e) "Lidstaat" 'n Staat wat 'n lid van die Afrika-belastingadministrasieforum is;
 - (f) "persoon" ook 'n individu, 'n maatskappy en enige ander liggaam van persone;
 - (g) "versoekte Party" die Kontrakterende Party wat versoek is om inligting te verskaf of bystand te verleen;
 - (h) "versoekende Party" die Kontrakterende Party wat inligting of bystand versoek;
 - (i) "belasting" enige belasting waarop hierdie Ooreenkoms van toepassing is.
2. Betreffende die toepassing van die Ooreenkoms te eniger tyd deur 'n Kontrakterende Party, het 'n uitdrukking wat nie hierin omskryf is nie, tensy die samehang anders vereis, die betekenis wat dit op daardie tydstip ingevolge die reg van daardie Party het vir die doeleindes van die belasting waarop die Ooreenkoms van toepassing is, en geniet enige betekenis ingevolge die toepaslike belastingreg van daardie Party voorrang bo 'n betekenis wat ingevolge ander wetgewing van daardie Party aan die uitdrukking geheg word.

ARTIKEL 2**OOGMERK**

1. Die oogmerk van hierdie Ooreenkoms is om die Kontrakterende Partye in staat te stel om mekaar met belastingaangeleenthede by te staan.
2. Die bystand genoem in paragraaf 1 hierbo het betrekking op:
 - (a) die uitruil van inligting in belastingaangeleenthede;
 - (b) die uitvoer van belastingondersoeke in die buiteland;
 - (c) die uitvoer van gelyktydige belastingondersoeke; en
 - (d) bystand met die invordering van belasting.

ARTIKEL 3**BELASTINGS GEDEK**

Hierdie Ooreenkoms is van toepassing op alle belasting op inkomste, op kapitaal, en op belasting op goedere en dienste wat deur of namens die Kontrakterende Partye gehef word.

ARTIKEL 4**UITRUIL VAN INLIGTING**

1. Die Kontrakterende Partye, deur hul bevoegde owerhede, moet mekaar spontaan, outomaties of op versoek voorsien van sodanige inligting wat tersaaklik kan wees vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Ooreenkoms of vir die toepassing of afdwinging van die landsreg van die versoekende Party rakende die belasting wat deur hierdie Ooreenkoms gedek word, in soverre die belasting ingevolge daardie reg nie strydig is met enige ander instrument wat tussen die versoekende en die versoekte Party aangegaan is nie.
2. In geen geval word die bepalings van paragraaf 1 so uitgelê nie as sou dit 'n Kontrakterende Staat die verpligting oplê:-
 - (a) om administratiewe maatreëls uit te voer wat strydig is met die reg en administratiewe praktyk van daardie of van die ander Kontrakterende Staat;
 - (b) om inligting te verskaf wat nie ingevolge die reg of in die normale verloop van die administrasie van daardie of van die ander Kontrakterende Staat verkrygbaar is nie;
 - (c) om inligting te verstrek wat 'n handels-, sake-, nywerheids-, kommersiële of beroepsgeheim of handelsproses openbaar sou maak, of inligting waarvan die openbaarmaking strydig met die openbare beleid sou wees.
3. Indien inligting ooreenkomstig hierdie Artikel deur 'n Kontrakterende Staat versoek word, gebruik die versoekte Party sy inligtingversamelingsmaatreëls om die verlangde inligting te bekom, selfs al het die versoekte Party sodanige inligting nie vir sy eie belastingdoeleindes nodig nie. Die verpligting vervat in die voorgaande sin is onderworpe aan die beperkings van paragraaf 2, maar sodanige beperkings word in geen geval so uitgelê as sou dit die versoekte Party toelaat om te weier om inligting te verstrek bloot omdat hy geen huishoudelike belang by sodanige inligting het nie.

4. In geen geval word die bepalings van paragraaf 2 so uitgelê nie as sou dit 'n versoekte Party toelaat om te weier om inligting te verstrek bloot omdat die inligting deur 'n bank, ander finansiële instelling, benoemde of persoon wat in 'n agentskaps- of 'n fidusiêre hoedanigheid optree, gehou word of omdat dit met eienaarskapsbelange in 'n persoon verband hou.

ARTIKEL 5

BELASTINGONDERSOEKE IN DIE BUITELAND

1. 'n Versoekte Party kan verteenwoordigers van die versoekende Party toelaat om die gebied van die versoekte Party binne te gaan om met individue onderhoude te voer en rekords na te gaan met die skriftelike toestemming van die betrokke belastingbetaler. Die bevoegde owerheid van die versoekte Party moet die bevoegde owerheid van die versoekende Party in kennis stel van die tyd en plek van die vergadering met die betrokke individue.

2. Die bevoegde owerheid van die versoekte Party kan, op versoek van die bevoegde owerheid van 'n versoekende Party, verteenwoordigers van die bevoegde owerheid van die versoekende Party toelaat om deel te neem aan enige toepaslike deel van 'n belastingondersoek in die versoekte Party.

3. Indien die versoek in paragraaf 2 bedoel toegestaan word, moet die bevoegde owerheid van die versoekte Party die bevoegde owerheid van die versoekende Party so gou as moontlik in kennis stel van die tyd en plek van die ondersoek, asook die prosedures en voorwaardes wat deur die versoekte Party vir die uitvoer van die ondersoek voorgeskryf word. Die versoekte Party moet ook die betrokke belastingbetalers in kennis stel van die aanwesigheid van amptenare van die versoekende Party by die ondersoek. Alle besluite rakende die uitvoer van die ondersoek word geneem deur die versoekte Party wat die ondersoek uitvoer.

ARTIKEL 6

GELYKTYDIGE ONDERSOEKE

1. Twee of meer bevoegde owerhede van die Kontrakterende Partye kan, op versoek van die bevoegde owerheid van een van die Kontrakterende Partye, saam oorleg pleeg vir die doeleindes van die vasstelling van gevalle en prosedures vir gelyktydige belastingondersoeke. Elk van die betrokke bevoegde owerhede besluit of hy aan 'n besondere gelyktydige belastingondersoek wil deelneem al dan nie.

2. 'n Gelyktydige belastingondersoek in paragraaf 1 bedoel behels 'n reëling tussen twee of meer Kontrakterende Partye om, elk in sy eie gebied, gelyktydig 'n ondersoek uit te voer na die belastingsake van 'n persoon, waarin hulle 'n gemeenskaplike of verwante belang het, ten einde enige tersaaklike inligting wat hulle aldus bekom uit te ruil.

ARTIKEL 7**BYSTAND MET INVORDERING**

1. Die versoekte Party moet, op versoek, aan die versoekende Party bystand verleen met die invordering van inkomste-eise.

2. Die uitdrukking "inkomste-eis", soos dit in hierdie Artikel gebruik word, beteken 'n bedrag verskuldig ten opsigte van belastings wat deur hierdie Ooreenkoms gedek word, asook die rente, belastingverhogings, bobelastings, die boetes op laat betalings en die koste van invordering of bewaring wat verband hou met daardie bedrag ingevolge sy landsreg, in soverre die belasting daarkragtens nie strydig is met enige ander instrument wat tussen die versoekende Party en die versoekte Party aangegaan is nie.

3. Wanneer 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Party ingevolge die reg van daardie Party afdwingbaar is en verskuldig is deur 'n persoon wat op daardie tydstip nie ingevolge die reg van daardie Party die invordering daarvan kan voorkom nie, moet daardie inkomste-eis, op versoek van die bevoegde owerheid van daardie Party, deur die bevoegde owerheid van die versoekte Party aanvaar word vir die doeleindes van invordering. Daardie inkomste-eis word deur die versoekte Party ingevorder ooreenkomstig die bepalings van sy reg wat op die afdwinging en invordering van sy eie belastings van toepassing is asof die inkomste-eis 'n inkomste-eis van daardie versoekte Party is.

4. Wanneer 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Party 'n eis is ten opsigte waarvan daardie Party ingevolge sy reg bewaringsmaatreëls kan tref ten einde die invordering daarvan te verseker, moet daardie inkomste-eis op versoek van daardie Party deur die bevoegde owerheid van die versoekte Party aanvaar word vir die doeleindes van die tref van bewaringsmaatreëls. Die versoekte Party tref die bewaringsmaatreëls ten opsigte van daardie inkomste-eis ooreenkomstig die bepalings van sy reg asof die inkomste-eis 'n inkomste-eis van die versoekte Party is, selfs al is die inkomste-eis op die tydstip wanneer sodanige maatreëls toegepas word, nie in die eersgenoemde Party afdwingbaar nie of verskuldig deur 'n persoon wat 'n reg het om die invordering daarvan te voorkom.

5. Ondanks die bepalings van paragraaf 3 en 4, moet 'n inkomste-eis wat deur 'n versoekte Party aanvaar word vir die doeleindes van paragraaf 3 of 4, nie in daardie Party aan die tydsbepelings onderwerp word of enige voorrang verleen word wat op grond van die aard daarvan as sodanig ingevolge die reg van daardie Party op 'n inkomste-eis van toepassing is nie. Daarby geniet 'n inkomste-eis wat deur 'n versoekte Party aanvaar word vir die doeleindes van paragraaf 3 of 4, nie in daardie Party enige voorrang wat ingevolge die reg van die versoekende Party op daardie inkomste-eis van toepassing is nie.

6. Die verrigtinge ten opsigte van die bestaan, geldigheid of die bedrag van 'n inkomste-eis van 'n versoekende Party moet nie voor die howe of administratiewe liggame van die versoekte Party gebring word nie.

7. Wanneer, te eniger tyd nadat 'n versoek ingevolge paragraaf 3 of 4 deur 'n versoekende Party gerig is en voordat die versoekte Party die tersaaklike inkomste-eis ingevorder en aan die versoekende Party geremitteer het, die tersaaklike inkomste-eis ophou bestaan:-

- (a) in die geval van 'n versoek ingevolge paragraaf 3, 'n inkomste-eis van die versoekende Party wat ingevolge die reg van daardie Party afdwingbaar is en verskuldig is deur 'n persoon wat op daardie tydstip nie ingevolge die reg van daardie Party die invordering daarvan kan voorkom nie, of

- (b) in die geval van 'n versoek ingevolge paragraaf 4, 'n inkomste-eis van die versoekende Party ten opsigte waarvan daardie Party, ingevolge sy reg, bewaringsmaatreëks kan tref ten einde die invordering daarvan te verseker,

moet die bevoegde owerheid van die versoekende Party die bevoegde owerheid van die versoekte Party onverwyld van daardie feit in kennis stel, en die versoekende Party moet, na keuse van die versoekte Party, sy versoek óf opskort óf intrek.

8. In geen geval word die bepalinge van hierdie Artikel so uitgelê nie as sou dit 'n Kontrakterende Party die verpligting oplê om:-

- (a) administratiewe maatreëls uit te voer wat strydig is met die administratiewe praktyk van daardie of van die versoekende Party;
- (b) maatreëls uit te voer wat strydig sou wees met die openbare beleid;
- (c) bystand te verleen indien die versoekende Party nie alle redelike maatreëls van invordering of bewaring, na gelang van die geval, wat ingevolge sy reg of administratiewe praktyk tot sy beskikking is, nagevolg het nie;
- (d) bystand te verleen in daardie gevalle waar die administratiewe las van daardie Party klaarblyklik buite verhouding is tot die nut wat die versoekende Party daaruit kan trek.

ARTIKEL 8

VERTROULIKHEID

Enige inligting wat ingevolge hierdie Ooreenkoms deur 'n Kontrakterende Party ontvang word, word as geheim of vertroulik gehanteer op dieselfde wyse as inligting wat kragtens die landsreg van daardie Party bekom word, en word slegs openbaar gemaak aan persone of owerhede (ook howe en administratiewe liggame) wat gemoeid is met die aanslag of invordering van, die afdwinging of vervolging ten opsigte van, en die beslissing van appêlle met betrekking tot, die belastinge wat deur die Ooreenkoms gedek word, of toesig oor bogenoemde. Sodanige persone of owerhede moet die inligting slegs vir daardie doeleindes gebruik. Hulle mag die inligting openbaar maak by openbare hofverrigtinge of in regterlike beslissinge. Ondanks die voorgaande, mag inligting wat deur 'n versoekende Party ontvang is vir ander doeleindes gebruik word, waar sodanige inligting ingevolge die reg van albei Partye vir sodanige ander doeleindes gebruik mag word en die bevoegde owerheid van die versoekte Party sodanige gebruik magtig.

ARTIKEL 9

KOSTE

1. Behoudens paragraaf 2, moet die Kontrakterende Partye afstand doen van alle eise om skadeloosstelling van gewone koste wat in die uitvoering van hierdie Ooreenkoms aangegaan is.

2. Sodra die versoekte Party voorsien dat uitgawes van 'n wesenlike of buitengewone aard aangegaan kan word in die verlening van bystand ingevolge hierdie Ooreenkoms, moet hy, voordat sodanige koste aangegaan word, die bevoegde owerheid van die versoekende Party in kennis stel en albei bevoegde owerhede besluit oor die wyse waarop die koste gedra word.

ARTIKEL 10**UITVOERINGSWETGEWING**

Die Kontrakterende Partye moet wetgewing verorden wat nodig is om aan die bepalings van hierdie Ooreenkoms te voldoen en daaraan gevolg te gee.

ARTIKEL 11**ANDER INTERNASIONALE OOREENKOMSTE OF AKKOORDE**

Die moontlikhede van bystand bepaal by hierdie Ooreenkoms word nie beperk nie deur of beperk nie daardie wat in bestaande internasionale ooreenkomste of ander akkoorde tussen die Kontrakterende Partye vervat is, wat op samewerking in belastingaangeleenthede betrekking het.

ARTIKEL 12**PROSEDURE VIR ONDERLINGE OOREENKOMS**

1. Waar probleme of twyfel tussen twee of meer Kontrakterende Partye ontstaan betreffende die uitvoering of vertolking van hierdie Ooreenkoms, moet die bevoegde owerhede van daardie Kontrakterende Partye poog om die aangeleentheid deur onderlinge ooreenkoms te besleg.
2. Bykomend tot die ooreenkoms in paragraaf 1 bedoel, kan die bevoegde owerhede van twee of meer Kontrakterende Partye onderling ooreenkoms:-
 - (a) oor die prosedures wat ingevolge Artikel 4, 5, 6 en 7 gebruik moet word;
 - (b) oor die taal wat gebruik moet word om versoeke ooreenkomsig die Ooreenkoms te rig en te beantwoord.
3. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende Partye kan regstreeks met mekaar kommunikeer vir die doeleindes van die bereiking van 'n ooreenkoms ingevolge hierdie Artikel.
4. 'n Ooreenkoms tussen die bevoegde owerhede van twee of meer Kontrakterende Partye is slegs tussen daardie Kontrakterende Partye van krag.
5. Waar twee of meer Kontrakterende Partye nie in staat is om, soos in hierdie Artikel beoog, tot 'n ooreenkoms te raak nie, word die aangeleentheid besleg soos in die geskilbeslegtingsbepalings van die *Reëls en Prosedures van die Afrika-belastingadministrasieforum* uiteengesit word.
6. Die Uitvoerende Sekretaris kan, op versoek van een of meer van die Kontrakterende Partye, 'n vergadering belê van die bevoegde owerhede of hul verteenwoordigers om belangrike aangeleenthede betreffende die vertolking of uitvoering van hierdie Ooreenkoms te bespreek.

ARTIKEL 13**BEWAARPLEK**

Hierdie Ooreenkoms en alle instrumente ter bekragtiging of toetreding word in bewaring gegee by die Uitvoerende Sekretaris wat gewaarmerkte afskrifte daarvan aan al die Lidstate versend.

ARTIKEL 14**BEKENDMAKING VAN BEVOEGDE OWERHEDE**

1. Elke Kontrakterende Party moet 'n bevoegde owerheid aanwys wat verantwoordelik is vir die uitvoering van hierdie Ooreenkoms ingevolge sy landsreg.
2. Elk van die Kontrakterende Partye moet 'n bekendmaking van hul bevoegde owerheid saam met hul instrumente van bekragtiging by die Uitvoerende Sekretaris indien.
3. Die Uitvoerende Sekretaris moet, wanneer hy 'n bekendmaking ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Artikel ontvang, afskrifte daarvan aan al die Kontrakterende Partye stuur.

ARTIKEL 15**BEKRAGTIGING EN INWERKINGTREDING**

1. Hierdie Ooreenkoms word deur die Lidstate bekragtig ooreenkomstig hul grondwetlike prosedures.
2. Hierdie Ooreenkoms tree in werking dertig (30) kalenderdae nadat vyf van die die Lidstate hul instrumente van bekragtiging by die Uitvoerende Sekretaris ingedien het.
3. Die Ooreenkoms is van toepassing ten opsigte van enige inligting, belastings of inkomste-eise in die Ooreenkoms genoem, selfs al is daardie inligting, belastings of inkomste-eise gedateer voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms of die datum van toetreding deur 'n toepaslike Kontrakterende Party.

ARTIKEL 16**WYSIGING**

1. In die geval van 'n voorstel deur 'n Kontrakterende Party aan die Uitvoerende Sekretaris om 'n bestaande Artikel van hierdie Ooreenkoms te wysig, moet die voorstel deur onderlinge ooreenkoms deur die Kontrakterende Party aangeneem word.
2. 'n Wysiging tree in werking dertig (30) dae nadat dit deur al die Kontrakterende Partye ooreenkomstig hul grondwetlike vereistes bekragtig is.

ARTIKEL 17**TOETREDING**

Hierdie Ooreenkoms bly oop vir toetrede deur enige Lidstaat na die inwerkingtreding daarvan.

ARTIKEL 18**ONDERTEKENING**

Hierdie Ooreenkoms moet onderteken word deur verteenwoordigers van die Lidstate wat behoorlik daartoe gemagtig is.

ARTIKEL 19**UITTREDING**

1. 'n Kontrakterende Party kan hom onttrek aan hierdie Ooreenkoms deur 'n kennisgewing van sy voorneme skriftelik aan die Uitvoerende Sekretaris te beteken wat die ander Lidstate dienooreenkomstig inlig.

2. Sodanige onttrekking word van krag op die eerste dag van die maand wat volg op die verstryking van 'n tydperk van negentig (90) dae na die datum van ontvangs van die kennisgewing deur die Uitvoerende Sekretaris.

3. 'n Kontrakterende Party wat hom aan hierdie Ooreenkoms onttrek, bly gebind deur die bepalinge van Artikel 8 ten opsigte van enige inligting wat ingevolge die Ooreenkoms bekom is en is verplig om te voldoen aan enige versoek wat voor die kennisgewing van sy voorneme om te onttrek ingevolge hierdie Ooreenkoms gerig is.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig deur hul onderskeie Regerings, hierdie Ooreenkoms onderteken het.

Gedoen te Pretoria op hede die 17^{de} dag van Januarie 2014 in drie (3) oorspronklike eksemplare in die Engelse, Franse en Portugese taal, waarvan al die tekste ewe outentiek is.

**VIR DIE GOEWERMEN VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**